



eduresourceza.com



Ouerhandtekeining

ST DECLAN'S SCHOOL FOR BOYS
AFRIKAANS EAT
EKSAMEN
VRAESTEL 2

Graad : 12
Tyd : 2 ½ Ure
Datum : 9 Junie 2023
Totale punte: 100
Eksaminator: Mev. R. Brakhoven
Moderator : Mej. K. Vorster en Mnr. M. Jacobs

/100

%

Instruksies:

1. Die vraestel bestaan uit **7 BLADSYE EN 6 VRAE**.
2. Beantwoord alle vrae in vol.
3. Lees versigtig.
4. Beantwoord al die vrae op die folio papier voorsien.
5. Sterkte.

NAAM EN VAN: _____

KLAS: _____

AFDELING A LETTERKUNDE**INSTRUKSIES VIR AFDELING A**

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf jou getal woorde aan die einde van die opstel in Vraag 4 neer.
4. Let op die puntetoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.

DONKER WEB – FANIE VILJOEN

Beantwoord die volgende 4 vrae oor die boek: Donker Web

VRAAG 1 Die loser wat sy pa weggee het.

1.1 So begin die studentelewe. Ek en Plank kry ons boeke in die Neelsie-
Ek is outomaties lid van 'n groter kluster en 'n kleiner PSO – Privaatstudente-
organisasie vir studente wat nie in koshuise bly nie. Saam met hulle woon ek in
Januarie die O-week vir eerstejaars by. [Bladsy 28]

- 1.1.1 Watter seisoen van die jaar is dit? (1)
- 1.1.2 Wat is die doel van die O-week? (1)
- 1.1.3 Wie is Plank? (1)
- 1.1.4 Verklaar waarom Greg die sosiale geleentheid en die ander studente as
ligsinnig en simpel beskou. Gee **TWEE** redes. (2)

1.2 Ek is nie jou boyfriend nie, en ek weet nie hoe oefen mens vir 'n venster nie. Stel
ook nie belang nie, [Bladsy 28]

- 1.2.1 Met wie praat Greg? (1)
- 1.2.2 Verduidelik waarom Greg nie wou deelneem aan die Venstersoptrede nie. (1)
- 1.2.3 “En ek is alleen tussen al hierdie mense.” Identifiseer die stylfiguur in die
aanhaling en verduidelik wat daardeur geïmpliseer word. (2)

1.3 “Ken jy daardie vrou?” Hy beduie met sy kop na iemand wat 'n ent wegstap.
“Sy vra vrae oor jou,” sê Plank [Bladsy 28]

- 1.3.1 Wat dink jy is die rede vir die vreemde vrou se navrae oor Greg? (1)

1.3.2 Waarom lyk sy bekend vir Greg? (1)

1.3.3 Wat wou die vrou weet? Noem **TWEE** dinge. (2)

1.4 Voor ek besef wat ek doen stamp ek hom. Hy land op die grond voor 'n meisie se voete.... " So, my bru, gaan jy die koekiemans ook vang?" [Bladsy 31]

1.4.1 Wie is die koekiemans? (1)

1.4.2 Wie was Greg se pa in 'Project nursery rhyme'? (1)

[15]

VRAAG 2 Die plek van hoop en wanhoop.

2.1 "Greg?" vra die man wat voor my in die huis se deur staan. Hy het net 'n slaapproek aan. Ek sleep my tas die portaal binne waar ek die man beter kan sien. Hy is seker my pa se ouderdom. "Wie is jy?" vra ek met 'n sweem van ongeskiktheid.....
"Waar is my ma?" [Bladsy 58]

2.1.1 Wie is dit wat vir Greg die deur oopmaak? (1)

2.1.2 Waaruit kan Greg aflei dat die man wat vir Greg by die deur ontvang daar oornag? (1)

2.1.3 Het Greg die man al ooit gesien? (1)

2.1.4 Noem **TWEE** traumatiese gebeure in die Owen-gesin se lewens wat hulle beroof het van geluk en sorgeloosheid. (2)

2.1.5 Noem die rede wat Greg se ma gee vir die man se teenwoordigheid in hulle huis. (1)

2.2 Uiteindelik stap ek na 'n grasperk met besoekershokkies. Ek gaan sit by hokkie nommer vyf wat die wagte vir my aangewys het. 'n Traliehek sluit anderkant die glasvenster oop. Dan kom my pa die besoekershokkie binne. [Bladsy 61]

2.2.1 Wat is die naam van die gevangenis waar Dok en Chris Owen agter tralies gehou word? Verduidelik waarom hulle juis in hierdie tronk is. (2)

2.2.2 Verduidelik die betekenis van die volgende sin: "Dit is 'n plek waar hoop en wanhoop aan mekaar vasgeketting is." (2)

- 2.2.3 Is dit aanvaarbaar dat Chris Owen vir Greg kwalik neem vir sy tronkstraf? Motiveer jou antwoord. (2)

2.3 “ Die polisie kon nog nie die Baker opspoor nie. Hy moet ook hier kom sit. Dis nie fair dat hy buite los loop nie.”
“ En Valkyrie? Weet Pa iets daarvan?” Ek sien die skrik in sy oë. “ Ek het jou gewaarsku Greg. Moenie. Asseblief.” [Bladsy 63 en 64]

- 2.3.1 Verduidelik hoe Chris Owen op die name van die Baker en Valkyrie onderskeidelik reageer. (2)

- 2.3.2 Waaroor is Greg steeds vasbeslote? (1)
[15]

VRAAG 3**DIALOOG**

“Ek dog jy is aan my kant, Greg! Plank gaan staan op die balkon . “My lewe suck!” Skree hy straat se kant toe. [Bladsy 53]

Greg en Plank is in Greg se woonstel en hul bespreek Greg se besoek aan sy ma en pa.

Voltooi die volgende dialoog tussen Greg en Plank. Skryf **SLEGS** die vraagnommer en Greg se woorde neer. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

- 3.1 Plank: So wat het jou so kwaad gemaak toe jy by jou huis kom? (1)
Greg:
- 3.2 Plank : En watse werk doen die ou nogal? (1)
Greg:
- 3.3 Plank: Wat sê jou ma toe, wat soek die ou daar? (2)
Greg:
- 3.4 Plank: En die Vrydag, waarheen het jy toe gegaan? (1)
Greg:
- 3.5 Plank: Hoe lyk jou pa en cope hy darm? (2)
Greg:
- 3.6 Plank: Toe wag daar nog 'n skok in 'n rooi motor vir jou by die huis. (2)
Wie was dit en wat wou sy hê?
Greg:.....
- 3.7 Plank: Hoe lyk sy? Voel jy nog iets vir haar? (2)
Greg:
- 3.8 Plank: Jy sluit toe die naweek perfek af met 'n ontstellende ontdekking (1)
met jou woonstel.

Greg: Ja iemand het

3.9 Plank: Het hul iets gesteel, hoe het jou woonstel gelyk? (2)

Greg:

3.10 Plank: Verdink jy iemand? (1)

Greg:

[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

TEMA: Greg se verhouding met Xander

Skryf 'n opstel van tussen 250 en 400 woorde oor **Greg en Xander se verhouding**.

- Jou opstel moet 'n inleiding en slotparagraaf hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asb. om jou **beplanning** aan die agterkant van die bladsy te doen (sien instruksies) en dood te trek.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou **paragraafindeling**.
- Die punte tussen hakies dui aan **hoeveel feite** verwag word.
- Skryf die **getal woorde** aan die einde van jou opstel neer.

1. Inleiding

2. Hul eerste ruk saam.

- Hulle ontmoeting. (1)
- Wat hulle van mekaar dink. (1)
- Hul verhouding aan die begin. (2)
- Rede vir die breek in hul verhouding. (2)
- Hoekom hul nie kontak gehou het nie. (2)

3. Hulle verhouding nou.

- Hoe hulle weer in kontak gekom het. (1)
- Die rede hoekom hulle kontak het. (2)
- Wat Greg en Xander besluit om te doen. (2)
- Die twee items wat Xander vir Dewald per koerier stuur. (2)
- Die plek waarheen hulle vlieg. (1)
- Die rede dat Plank saam gaan. (1)
- Die ontmoeting by die Basilica Cistern. (1)
- Die persoon wat Xander oortuig om hulle 'n tweede kans te gee. (1)
- Waar die seuns die Baker soek. (1)

4. Slot

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. (5)

[25]

TOTAAL VIR AFDELING A [70]

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** vrae in hierdie afdeling.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy neer.
3. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal die volgende na gekyk word:
 - kennis rakende die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag;
 - inhoud en idees
 - register en toon; asook
 - taalgebruik.

5. Beplanning

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

a) Skryf die opskrif **BEPLANNING** boaan.

b) Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VRAAG 5 TOESPRAAK

Jy is die hoofleier van julle skool. Skryf 'n toespraak wat jy voor jou matriekmaats gaan lewer om hulle te motiveer voor die eindeksamen begin. (150-220 woorde)

(20)

Dink aan die volgende:

- Gepaste inleiding.
- Redes om hard te werk.
- Voorstelle om gefokus te bly.
- Voordele van tydsbestuur.
- Belanrikheid van ontspanning.
- Treffende slot

VRAAG 6**E-POS**

Skryf 'n e-pos aan 'n maat waarin jy hom/haar vertel van 'n uitreikprojek wat jy wil begin. (60 -100 woorde)

(10)

Dink aan die volgende:

- **Naam** van die **projek**, **wie** betrokke is, **waar** en **wanneer** dit plaasvind en wat die **doel** van die projek is.
- Verduidelik **hoe** die projek plaasvind.
- Vertel wat die projek vir jou **persoonlik** beteken en hoe dit in die toekoms kan groei.

TOTAAL AFDELING B: 30

TOTAAL VAN DIE VRAESTEL: 100